higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

KUNS EN WETENSKAP VAN ONDERRIG
NKR VLAK 4

(5050094)

10 November 2022 (X-vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 8 bladsye.

202Q1N2210

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke afdeling op ‘n nuwe bladsy.
5. Gebruik slegs ‘n blou of swart pen.
6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.1–1.10) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

1.1 Kurrikulum is die onderrig-en-leerplan wat die doelwitte en doelstellings vir die kursus uiteensit.

1.2 VBOO (‘ABET’) is die onderrig en leer van basiese gesyferdheid, geletterdheid en Engels as ‘n tweede taal vir volwasse leerders.

1.3 Beplanning is nie noodsaaklik vir onderrig nie.

1.4 Diversiteit verwys na verskille tussen mense.

1.5 Onderigmetodes en ondersteuningsmateriaal wat deur ‘n opvoeder gebruik word, kan verskil afhangende daarvan of die leerders kinders of volwassenes is.

1.6 Klaskamerbestuur gaan oor die skepping van goeie leeromgewings wat een etniese groep ondersteun.

1.7 Dit is noodsaaklik in onderrig om effektiewe maniere te ontwikkel om probleme te hanteer.

1.8 Outentisiteit beteken om vaag en onopreg te wees.

1.9 ‘n Opvoeder moet woordelikse (verbale) intervensies privaat hou en weg van ander leerders se nuuskierige oë en ore.

1.10 Spesiale skole verskaf opvoeding aan leerders wat intensiewe ondersteuning benodig.

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 2

Kies die korrekte woord of woorde uit dié tussen hakies. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (2.1–2.15) in die ANTWOORDBOEK neer.

2.1 Reflektiewe onderrig behoort deel te vorm van elke onderwyser se lewenslange (leer/onderrig) en deurlopende professionele ontwikkeling.

2.2 ‘n Onderwyser moet die leerders ken ten einde haar (onderrig/skryf)-strategieë op ‘n toepaslike manier daarby aan te pas.

2.3 Indien ‘n opvoeder verbetering wil bewerkstellig, moet hy/sy in staat wees om (by nuwe, onverwagte situasies aan te pas/hy/sye van nuwe, onverwagte situasies te distansieer.

2.4 ‘n Opvoeder se eie (vermoëns/toewysing) en verskille moet gerespekteer word.

2.5 Vir onderwysers om van hul eie tekortkomings bewus te word, moet hulle die inhoud van dit wat hulle onderrig, krities (verduidelik/ondersoek).

2.6 (Holistiese/Sistematiese) onderrig beskryf hoe om al die domeine van ‘n leerder te onderrig.

2.7 (Kriteriumverwysde/Normverwysde) beteken dat leerders teen bepaalde kriteria geassesseer word, wat aandui of ‘n uitkoms bereik is.

2.8 (Grondlyn-/Gebalanseerde) assessering assesseer ‘n verskeidenheid LU’s en neem hul gewigstoekenning in die kurrikulum in ag.

2.9 Opvoeders benodig (professionele/geïmplementeerde) kennis en vaardighede om vir assesserings te beplan en self-assessering te ondersteun.

2.10 Prestasietake is gewoonlik (verstandelik/fisies) van aard, byvoorbeeld dans, praat, ens.

2.11 ‘n (Joernaal/portefeulje) is ‘n versameling van verskillende assesserings wat ‘n leerder in die loop van die jaar gedoen het.

2.12 ‘n (Ontleding/beoordeling) is ‘n evaluering, hersiening of assessering wat gebruik word om ‘n besluit te neem oor iemand se waarde of sukses.

2.13 ‘n Kontrolelys/diagram) noem die kriteria van ‘n taak, saam met gegradeerde vlakke vir elke kriterium.

2.14 Gevallestudies is (werklike/gesimuleerde) weergawes van gebeure.

2.15 Die (metode/inhoud) het te doen met die wyse waarop terugvoering gegee is.

(15 × 1) **[15]**

Kopiereg voorbehou

VRAAG 3

Kies ’n term uit KOLOM B om by ’n beskrywing in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–Q) langs die vraagnommer (3.1–3.15) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
3.1	Speletjies	A	intermediêre fase en hoër, vir wetenskapvakke
3.2	Eksperimente	B	grondslagfase, alle vakke
3.3	Navorsing	C	impliseer assessering wat tydens lesse plaasvind, bv. portuurgroepassessering
3.4	Formele assessering	D	intermediêre fase en opwaarts, vir alle vakke
3.5	Informele assessering	E	impliseer ‘n geskrewe dokument van ‘n aard
3.6	Leerverskaffers	F	handhaaf standaarde sodat assessering regverdig is
3.7	Konstruktiewe terugvoering	G	opvoeders of leerinstellings
3.8	Gehalteversekering	H	noodsaaklik om leerders te help om hul prestasie te verbeter
3.9	Modereringstipes	I	maniere om moderering te doen
1.10	Modereringsmetodes	J	interne en eksterne moderering
3.11	Beoordelingskale	K	mense wat daarvoor verantwoordelik is om moderering te doen
3.12	Summatiewe assessering	L	assesseringsinstrument
3.13	Optekening van assesserings	M	graduering
3.14	Selfrefleksie	N	finale eksamen
3.15	Rapportering	O	dokumentering van leerders se vordering en prestasies in assesserings
		P	kommunikasie van leerders se prestasie aan leerders, ouers en ander belanghebbers
		Q	om oor jou eie vaardighede te besin en te bepaal waar jy moet verbeter

(15 × 1) **[15]**

VRAAG 4

4.1 Verduidelik die volgende terme:

4.1.1 Leerprogram

4.1.2 Werkskedule/rooster

4.1.3 Lesplan

(3 × 2) (6)

4.2 Teken ‘n tweekolom-tabel en dui DRIE tipes LTSM in Kolom A aan, met ‘n verduideliking van elkeen in Kolom B. (3 × 2) (6)

4.3 Doen DRIE tipes sitplekreëlings aan die hand wat ‘n onderwyser in ‘n klaskamer kan gebruik. (3 × 2) (6)

4.4 Onderskei tussen *interne* en *eksterne* moderering. (2 × 2) (4)

4.5 Noem AGT struikelblokke tot leer. (8)

4.6 Verduidelik die VYF stappe in reflektiewe onderrig in jou eie woorde. (5)

[35]

TOTAAL AFDELING A: 75

AFDELING B

VRAAG 5

5.1 Wat is die implikasies van deurlopende assessering vir leerders? (5 × 2) (10)

5.2 Geen ‘n opsomming van wat jy onder *reflektiewe bekwaamheid* verstaan. (4)

5.3 Opvoeders moet hul leerders ken. Noem VYF dinge in verband met leerders wat ‘n onderwyser in aanmerking moet neem wanneer hy of sy onderrigstrategieë ontwikkel. (5)

5.4 Waarvoor staan die afkorting TBOO (‘TVET’)? (1)

5.5 Verduidelik kortliks hoe ‘n onderwyser dissipline in ‘n klaskamer kan implementeer. (5)

[25]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 6

Lees die scenario hier onder en beantwoord die vrae wat daarop volg:

Tammy is ‘n Graad 3-onderwyser, wat al haar leerders gelykwaardig behandel en aan hulle die vryheid bied om hulself uit te druk, mits dit op ‘n ordelike manier is. Daar is leerders in haar klas met verskillende meervoudige intelligensies. Peter hou daarvan om stories te skryf. Sarah is die een wat van wiskunde hou. Mary maak ‘n plakkaat met baie helder kleure op. Puleng beplan ‘n dans vir die musiekaand by die skool. John hou rekord van die reënval en daaglikse temperature.

6.1 Identifiseer die meervoudige intelligensies van elke leerder in die scenario. (5 × 2) (10)

6.2 Haal DRIE woorde uit die scenario aan wat kenmerkend is van die demokratiese benadering tot die leeromgewing. (3)

6.3 Beklemtoon TWEE voordele van die demokratiese benadering. (2 × 2) (4)

6.4 Verduidelik maniere waarop opvoeders sensitief vir taalverskille kan wees. (4 × 2) (8)

[25]

VRAAG 7

7.1 Lees die scenario hier onder en beantwoord die vrae wat daarop volg:

John is die afgelope ses maande in jou klas. Hy sukkel om in ‘n groep te werk en verkies om alleen te wees. Hy het ‘n pragtige papierdinosourus vir ‘n projek gemaak. Terwyl hy sy aanbieding van sy dinosourus gedoen het, het hy die heeltyd vir die grond gekyk en nie vir die klas nie. John is baie skaam en het probleme met sy selfbeeld.





https://www.pexels.com/search/boy%20holding%20paper%20dinosaur/
https://www.pexels.com/photo/kid-in-red-polo-shirt-holding-a-paper-dinosaur-8363160/

7.1.1 Gee konstruktiewe terugvoering aan John na afloop van sy aanbieding. (3 × 2) (6)

7.1.2 Watter raad sal jy vir John se ouers tydens die oueraand gee? (2)

7.2 Bespreek VYF beginsels wat onderliggend aan konstruktiewe terugvoering is. (5 × 2) (10)

7.3 Noem DRIE redes vir die moderering van assesseringsoordele. (3 × 2) (6)

7.4 Umalusi is vir die moderering en verifiëring van NSB-eksamens verantwoordelik. Is hierdie moderering intern of ekstern? (1)
[25]

VRAAG 8

8.1 Noem DRIE maniere waarop onderwysers sensitief vir kulturele verskille in die klaskamer kan wees. (3 × 2) (6)

8.2 Skryf TIEN elemente neer wat by die opstelling van ‘n lesplan ingesluit moet word. (10)

8.3 Hoe sal jy, as onderwyser, veiligheid in die klaskamer bestuur? (3 × 2) (6)

8.4 Het die ouderdom van die leerders ‘n invloed op MIV- en VIGS-opvoeding? Gee ‘n rede vir jou antwoord. (1 + 2) (3)
[25]

VRAAG 9

9.1 Noem DRIE aspekte van ‘n opvoeder kan bestuur om leerderdeelname in die klaskamer te verbeter. (3)

9.2 Adviseer die onderwyser oor hoe om die verdeling van werk as ‘n klaskamerbestuursbeginsel te hanteer. (4 × 2) (8)

9.3 Vergelyk *proaktiewe* en *voorkomende* dissiplinemaatreëls. (2 × 2) (4)

9.4 Noem en verduidelik TWEE assesseringsbeginsels. (2 × 2) (4)

9.5 ;Hoe sal jy kies watter assesseringstaak jy vir ‘n bepaalde les moet gebruik? (2 × 2) (4)

9.6 Verduidelik kortliks vir ‘n vriend wat ‘n *gemengdeleer*-geleentheid is. (2)
[25]

TOTAAL AFDELING B: 125
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou